higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N4

(22020034)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: Grafiekpapier

Kandidate mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae in AFDELING B.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. ALLE grafieke moet duidelik benoem word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die belangrikste aanwyser wat voortdurend gemeet word om die gesondheid van die ekonomie te evalueer.

A BNP
B BBB
C BBP
D BNI

1.1.2 Produksiefaktore word deur die ... sektor besit.

A huishoudelike
B besigheid
C primêre
D sekondêre

1.1.3 'n Toestand waarin markkragte hulpbronne nie doeltreffend toeken nie:

A Markkrag
B Markmislukking
C Markprys
D arkewewig

1.1.4 Die ... van 'n veranderlike inset (arbeid) is die bykomende produksie-eenhede wat gelewer kan word deur 'n bykomende arbeidseenheid in diens te neem.

A marginale produk
B totale produk
C gemiddelde produk
D produksie

1.1.5 Kwessies wat met die arbeidsmark verband hou, sluit ... in.

A huur
B lone
C wins
D rente

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Produkonderskeiding en advertering speel 'n belangrike rol in nieprysmededinging.

1.2.2 Besighede wat nie pryse kan beïnvloed nie, is prysvasstellers.

1.2.3 Skaarsheid beïnvloed slegs die armste van die armes.

1.2.4 Besparing word deur besteebare inkomste beïnvloed.

1.2.5 Mikro-ekonomie is prysteorie.

(5 × 2) (10)

1.3 Voltooi die volgende sin of sinne/paragraaf of paragrawe deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Indien die verbruikersvraag na tee toeneem as gevolg van 'n toename in die prys van koffie, is die genoemde produkte voorbeelde van ... produkte.

1.3.2 Makro-ekonomie bestudeer die ekonomiese stelsel as 'n ...

1.3.3 'n Maatstaf wat deur oligopolies gebruik word om hul markaandeel te vergroot, staan as ... onderskeiding bekend.

1.3.4 Die konsep van geleentheidskoste kan toegepas word op die analise/ontleding van enige ... proses.

1.3.5 Die wet van verminderde ... bepaal dat soos meer en meer veranderlike inset by 'n vaste inset gevoeg word, opbrengs van die veranderlike inset sal afneem.

(5 × 2) (10)

1.4 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 'n Firma sal slegs ophou bestaan wanneer marginale inkomste (gelyk is/verskil van) gemiddelde inkomste.

1.4.2 Geleentheidskoste verwys na die (waarde/hoeveelheid) van die beste aktiwiteit.

1.4.3 Die proses van interaksie tussen die lande van die wêreld om hul ekonomieë nader aan mekaar te bring word (industrialisasie/-globalisering) genoem.

Kopiereg voorbehou

1.4.4 (Multinasionale maatskappye/Nasionale maatskappye) produseer en versprei goedere en dienste in meer as een land, gewoonlik regoor die wêreld.

1.4.5 Die bykomende koste om een bykomende eenheid te produseer staan bekend as (gemiddelde veranderlike koste/marginale koste).

(5 × 2) (10)

1.5 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Ekonomiese groei	A	het 'n negatiewe helling is konveks van aard en kan enige vorm aanneem
1.5.2	Mark-afromingspryse		'n afname in ekonomiese aktiwiteit
1.5.3	Gemiddelde inkomste	B	oor 'n tydperk
1.5.4	Onverskilligheidskromme	C	proses wat 'n kwantitatiewe langtermynverandering in 'n
1.5.5	Resessie		ekonomiese struktuur tot gevolg het
		D	die inkomste van die fisiese produksie per eenheid van die veranderende produksiefaktor
		E	situasie waar 'n relatief hoë prys vir 'n kort rukkie gevra word vir 'n nuwe, innoverende of verbeterde produk wat in die mark bekendgestel is

(5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem VYF faktore wat die hoeveelheid aanvraag bepaal. (5 × 2) (10)

2.2 Wat om te koop en hoeveel om te bestee hang van verbruikersgedrag af.

Bespreek VYF faktore wat die verbruiker se koopgedrag beïnvloed. (5 × 3) (15)

2.3 Bespreek *oligopolie* onder die volgende opskrifte:

2.3.1 Definisie (3)

2.3.2 Kenmerke (6)

2.4 Potensiële mededinging is EEN van die punte wat die krag van die monopolis beperk.

Noem enige VYF ander beperkings tot die krag van die monopolistiese industrie. (5 × 2) (10)

2.5 Verduidelik enige DRIE kenmerke van volmaakte mededinging. (3 × 2) (6)
[50]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende eienskappe van 'n MARK MET VOLMAAKTE MEDEDINGING of MONOPOLIE is. Skryf slegs 'Volmaakte mededingende mark' of 'Monopolie' langs die vraagnommer (3.1.1-3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Wat verkoop of gekoop mag word, word deur goed gedefinieerde eiendomsregte bepaal.

3.1.2 Wanneer produkte uitgeruil word, gaan nie kopers of verkopers bykomende kostes aan nie.

3.1.3 Prys word deur die verskaffer bepaal om wins te maksimeer.


3.1.4 Beide kopers en verkopers weet alles wat in die industrie aangaan.

3.1.5 Daar is talle hindernisse vir toegang en uitgang.

(5 × 2) (10)

3.2 Bestudeer die grafiek hier onder en beantwoord die vrae.

Onverskilligheidskromme



3.2.1 Watter onverskilligheidskromme stel die hoogste vlak van bevrediging voor? (2)

3.2.2 Lyn DE staan bekend as die … . (2)

3.2.3 By watter punt op die grafiek sal die verbruiker sy/haar bevrediging maksimeer? (2)

3.2.4 Watter teorie is in hierdie geval van toepassing? (2)

3.2.5 Verduidelik of en waarom die verbruiker die kombinasie wat deur punt I voorgestel word, sal kies. (4)

3.3 Gebruik die inligting in die skedule hier onder om 'n onverskilligheidskromme te konstrueer. Benoem jou grafiek.

KOMBINASIE	PRODUK A	PRODUK B
A	30	7
B	25	13
C	20	17
D	15	23
E	10	26
F	5	30

(10)

3.4 Die volgende tabel stel die totale inkomste van 'n firma voor. Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae.

HOEVEELHEID (eenhede)	PRYS (R)	TOTALE INKOMSTE	MARGINALE INKOMSTE
15	5	75	
16	5	80	
17	5	85	
18	5	90	
19	5	95	

3.4.1 Bereken die marginale inkomste van die hoeveelheid van eenhede 15 en 16. (6)

3.4.2 Hoeveel is die marginale inkomste vir elke ekstra bykomende produkeenheid wat verkoop is? (2)

3.4.3 Verduidelik die term *verbruikersbesteding.* (2)

3.4.4 Noem VIER faktore wat bepaal wat en hoeveel huishoudings kies om te verbruik. (4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

4.1.1 Ewewigspunt

4.1.2 Plaaslike monopolie

4.1.3 Produksie

4.1.4 Teikenmark

4.1.5 Skaalverspillings

(5 × 2) (10)

4.2 Noem VYF ekonomiese probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar. (5 × 2) (10)

4.3 Noem enige DRIE soorte vraagelastisiteit. (3 × 2) (6)

4.4 Noem die VYF faktore wat die hoeveelheid produkte wat 'n besigheid gedurende 'n bepaalde tydperk kan verskaf, sal beïnvloed. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.5 Verwys na die tabel hier onder en beantwoord die vrae.

GETAL WERKERS	TOTALE PRODUKSIE HOEVEELHEID	TOTALE VASTE KOSTE	TOTALE VERANDERLIKE KOSTE	TOTALE KOSTE
0	0	200	(a)	200
1	9	200	50	250
2	16	200	100	(b)
3	23	200	(c)	350
4	29	(d)	200	400
5	35	200	250	(e)

4.5.1 Bereken die waardes van (a), (b), (c), (d) en (e). (10)

4.5.2 Wat is die gemiddelde totale produksiekoste om 23 produkte te lewer? (4)

[50]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die volmaakte elastiese vraag met behulp van 'n grafiek. Dui ook aan of die volmaakte elastiese vraag in die regte lewe toegepas kan word. (16)

5.2 Noem TWEE beperkings wat die firma beperk om nie sy hoër vlak van uitset te bereik nie. (2 × 2) (4)

5.3 Bespreek die VIER produksiefaktore. (4 × 3) (12)

5.4 Dui die VIER verskille tussen kapitalisme en sosialisme in tabelvorm aan. (4 × 4) (16)

5.5 Watter ekonomiese stelsel word in Suid-Afrika gebruik? (2)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou